# NOTULE / BESLUITELYS

## ALGEMENE RAADSVERGADERING

**DATUM:** 7 MAART 2017
**TYD:** 09:00
**PLEK:** LAFARGE-ONTSPANNINGSKLUB, LICHTENBURG

AGRI NW

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **1.** | **OPENING** | | |
| | Mnr Naude Pienaar open die vergadering met Skriflesing uit Mat 14:6 en Joh 14:13 en 'n Gebed. | | |
| **2.** | **VERWELKOMING** | | |
| | Die Voorsitter, mnr Daan van der Merwe heet almal hartlik welkom, maar in die besonder vir die persone wat vir die eerste keer 'n Algemene Raadsvergadering bywoon, naamlik:<br>Me Yolande Reyneke — Sekretaresse, Agri Vryburg<br>Mnre Hendrik Reyneke — Agri Tlakgaming<br>Jack Rossouw — Agri Klippan<br>Thys Potgieter — Agri Soetdoring | | |
| **3.** | **ORDEREËLINGS** | | |
| | ▪ Mnr Du Toit hou die Ordereëlings aan die vergadering voor.<br>▪ Die NWRPO- en Watersake-verslag is agterin die vergaderingdokument ingebind vir kennisname. | | |
| **4.**<br>**4.1** | **PERSONALIA EN MOSIES**<br>**LEEDMOSIES** | | |
| | Mosie van leedwese en meegevoel word betoon met die boere, mense en hul families wat in plaasaan-valle of moorde die afgelope twee maande afgesterf het. | | |
| **4.2** | **VREUGDEMOSIE** | | |
| | Mosie van dankbaarheid vir die goeie reëns wat die afgelope tyd ontvang is en die oeste op die lande wat aansienlik verbeter het. | | |
| **4.3** | **VERJAARSDAGWENSE** | | |
| | Gelukwense aan:<br>▪ Naude Pienaar, 8 Februarie<br>▪ Mnr Daan van der Merwe, 14 Februarie | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Mnr Leon Bellingan, 25 Februarie<br>▪ Mnr Sakkie van Zyl, 26 Februarie<br>▪ Mnr Pierre Vercueil, 15 April<br>▪ Mnre Dave Harman en Sarel Pretorius, 18 April | | |
| **5.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS** | | |
| | Presensielys aangeheg. | Bls 18 - 23 | |
| **6.** | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS: AANVULLENDE SAKE: PUNT 16** | | |
| | Geen. | | |
| **7.** | **NOTULE / BESLUITELYS EN PRESENSIELYS VAN VORIGE VERGADERING: 2016-10-25** | | |
| | Die Besluitelys / Notule word op voorstel van mnr Eric van Wyk gesekondeer en deur mnr Gideon van Zyl eenparig goedgekeur, nadat die volgende regstelling aangebring is:<br>Bls 10, Punt 15 – Laaste bullet: Stasie-amptenare moet wees Staatsamptenare. | | |
| **9.** | **FINANSIES EN AFFILIASIEGELD** | | |
| | Mnr Johan Venter lig die Raadslede in oor die Finansies:<br><u>Uitstaande 2016/17-Affiliasiegelde:</u><br>▪ U aandag word weer eens daarop gevestig dat die lede nié gedurende 'n finansiële jaar vanaf Ledelyste verwyder kan word en die begroting sodoende omver gegooi word nie. Die oplossing en antwoord bly steeds dat son 'n lid skriftelik sal bedank of in geval van dood of ander onvermydelike omstandighede deur die Bestuur van die Affiliasie, skriftelik gemotiveer sal word.<br>▪ Ooreenkomstig 'n Kongres- en Algemene Raasbesluit bly Affiliasies steeds verantwoordelik vir die affiliasiegeld van alle lede wat op 1 Augustus van 'n finansiële jaar op hul Ledelys verskyn, ongeag die omstandighede van daardie lede.<br>▪ Affiliasiegeldinvorderings en -oorbetalings bly die verantwoordelikheid van Affiliasies.<br>▪ Die drie Affiliasies wie se 2016/17-Affiliasiegeldbetalingsbedrae uitstaande en hoog is, is as volg:<br>  ○ Agri Klippan: R73 685.18 (BTW en rente ingesluit)<br>  ○ Agri Marico-Bosveld: R94 752.97 (BTW en rente uitgesluit)<br>  ○ Agri Schweizer-Reneke: R147784.61 (BTW en rente uitgesluit)<br>▪ Indien die uitstaande Affiliasiegelde nie oorbetaal gaan word nie, sal Agri NW van hul kontantreserwefondse moet gebruik vir die laaste vyf maande se uitgawes van die 2016/17-Finansiële jaar en sodoende dan geen reserwefondse oorhê nie.<br><u>BTW-Fakture:</u><br>▪ Agri NW voorsien gedrukte BTW-Faktuurboeke (100 BTW-Fakture in boek) aan Affiliasies.<br>▪ Die Affiliasies se verantwoordelike persoon wat die BTW-Fakture gaan uitreik kan 'n BTW-Boek afhaal of laat afhaal by Agri NW-Hoofkantoor.<br>▪ Affiliasies reik hul lede se BTW-Fakture uit vir die oorbetalings wat die Affiliasie namens hul lede doen. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Affiliasies wie hul lede se BTW-Fakture uitreik versoek word om die BTW-Faktuur volledig te voltooi, naamlik:<br>o Faktuurdatum<br>o Lid of Boerdery se naam en Lidnommer in hakies;<br>o Lid of Boerdery se BTW-Nommer;<br>o Adres waarop BTW by SARS geregistreer is;<br>o Beskrywing byvoorbeeld 2016/17-Affiliasiegeld;<br>o Bedrag uiteensit byvoorbeeld: Prys R300.00; BTW R42.00 en Totaal R342.00.<br>o Affiliasies wie hul lede se affiliasiegeld eenmalig oorbetaal moet die Geel Afskrifte van die BTW-Fakture / Rekonsiliasielys (lede wie se gelde oorbetaal word) vergesel met die oorbetaling. Die Betalingsbedrag moet balanseer met die totale bedrag van die BTW-Fakture / Rekonsiliasielys<br>o <u>BTW-Fakture afskrifte word gegee vir:</u><br>Lid / Boerdery: Wit afskrif.<br>Agri NW: Geel afskrif word gestuur wanneer betaling gedoen word. Agri NW liasseer dit saam met die tweemaandelikse opgawes wat aan SARS gestuur word.<br>Affiliasie se rekord – bly in boek: Pienk afskrif.<br>o Agri NW-Hoofkantoor reik slégs die BTW-Fakture uit van die Jaarlikse-, Twee Premies- en Maande-likse Debietordervorderings, asook individuele lede wat hul affiliasiegeldbetalings direk in Agri NW se bankrekening inbetaal.<br><u>Rekonsiliasie van Ledelyste:</u><br>▪ Affiliasies word versoek om hul lede se noemname op die 2017/18-Ledelyste aan te bring.<br>▪ Die gerekonsilieerde 2017/18-Ledelyste móét voor óf op 31 Mei 2017 aan die Hoofkantoor terugbesorg word, sodat die finale ledetalle gebruik kan word vir die finale Begroting wat tydens Junie se Algemene Raadsvergadering goedgekeur moet word..<br>▪ Indien die Hoofkantoor nie voor óf op die sperdatum van u hoor nie, sal die ledetal soos dit op 1 Augustus van die huidige finansiële jaar (2016/17) op u Ledelys verskyn as die korrekte ledetal aanvaar word.<br>▪ U aandag word weer eens daarop gevestig dat die lede nié gedurende 'n finansiële jaar vanaf Ledelyste verwyder kan word en die begroting sodoende omver gegooi word nie. Die oplossing en antwoord bly steeds dat so 'n lid skriftelik sal bedank of in geval van dood of ander onvermydelike omstandighede deur die Bestuur van die Affiliasie, skriftelik gemotiveer sal word.<br><u>2017/18-Affiliasiegeld</u><br>▪ Mnr Bellingan verneem wat die persentasie verhoging vir in die 2017/18-Affiliasiegeld gaan wees. Dit word benodig vir die Affiliasies wat vóór einde Mei 2017 hul affiliasiegeld vorder.<br><u>Agri NW-Beleid ten opsigte van Rapportering van Korrupsie</u><br>▪ Hierdie Beleid is vir die Hantering van Klagtes / Openbaarmaking van potensiële korrupsie - Intern- (amps- | Hoofkantoor | 15 Mei 2017 |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | draers of beamptes van Agri NW) en eksterne (aanmelding en openbaarmaking en eksterne korrupsie, potensiële betrokkenheid deur eksterne persone, instansies of nie-lede).<br>▪ Byhou van ŉ databasis en opvolg van klagtes – Bestuur van Agri hou ŉ register by van korrupsieklagtes en rapporteer minstens elke drie maande oor die vordering wat gemaak is aan die Uitvoerende Komitee.<br>▪ Name moet verkieslik uit enige register of Notule gehou word om enige latere regsaanspreeklikheid te vermy.<br>▪ ŉ Konsepdokument is opgestel en beskikbaar gestel aan die vergadering vir lewering van insette.<br><u>Beursskema:</u><br>Mnr Cobus van Zyl verduidelik die doel van die Beursskema as spesiale projek van die Tweede Vise-President, aan die vergadering.<br>▪ Die doel van die Beursskema is om jong talentvolle mense na ŉ Studierigting in Landbou te trek.<br>▪ Die Tweede Vise-President en President het onderneem om vir die duur van hul ampstermyn hul Honorarium te skenk as ŉ Donasie aan die voorgestelde Beursfonds.<br>▪ Die Beursskema se fondse sal opgebou word tot R200 000.<br>▪ ‘;n Bedrag van R10 000 sal jaarliks aan die Beursstudent betaal word.<br>▪ ŉ Konsepdokument is opgestel en beskikbaar gestel aan die vergadering vir verdere insette en tentatiewe goedkeuring, sodat verdere dokumente in verband met die Beursskema opgestel kan word, byvoorbeeld: ŉ Konsep Beursreglement, Keuringvereistes, Puntestelsel en Beurskontrak as deel van sy “Donasie” aan die Beursskema.<br><u>Droogtehulpfonds</u>:<br>▪ Die Droogtehulpfonds se fondse is feitlik uitgeput – dit is hoofsaaklik bestee aan die vervoerkoste van die geskenkte voer na Agri NW-lede.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | ŉ Dringende beroep op Affiliasies gedoen word om hul uitstaande 2016/17-Affiliasiegelde so spoedig moontlik te vorder en oor te betaal. | Affiliasies | |
| (b) | Affiliasies kan vir Hessie by Agri NW-Hoofkantoor skakel indien hulle meer wil weet oor die uitstaande affiliasiegelde. | Affiliasies | Deurlopend |
| (c) | Affiliasies word versoek om moeite te doen met ledewerwing; | Affiliasies | Deurlopend |
| (d) | Affiliasies versoek word om die BTW-prosedures en vereistes aan hul Sekretarisse / Sekretaresses en lede oor te dra en stiptelik na te kom. | Affiliasies / Lede | Deurlopend |
| (e) | Affiliasies word versoek om hul lede se noemname op die rekonsiliasie van die 2017/18-Ledelyste aan te bring. | Affiliasies | 2017-05-31 |
| (f) | Die gerekonsilieerde 2017/18-Ledelyste móét voor óf op 31 Mei 2017 aan die Hoofkantoor terugbesorg word, sodat die finale ledetalle gebruik kan word vir die finale Begroting wat tydens Junie se Algemene Raadsvergadering goedgekeur moet word. | Affiliasies | 2017-05-31 |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (g) | Indien die Hoofkantoor nie voor óf op die sperdatum van u hoor nie, sal die ledetal soos dit op 1 Augustus van die huidige finansiële jaar (2016/17) op u Ledelys verskyn as die korrekte ledetal aanvaar word. | Affiliasies | 2017-05-31 |
| (h) | Die persentasie verhoging in die 2017/18-Affiliasiegeld sal op Vrydag, 10 Maart 2017, aan die Affiliasies deurgegee word. | Hoofkantoor | 2017-03-10 |
| (i) | Nadat die Beleidsdokument ten opsigte van Korrupsie gewysig en voorgestelde veranderinge aangebring is, moet dit aan die Algemene Raad voorgelê word vir finale goedkeuring. | C van Zyl | 2017-06-20 |
| (j) | 'n Gesprek met Afriforum gevoer is oor hoe die twee Organisasies kan saamwerk om korrupsie aan te spreek en oop te vlek. | Afgehandel | |
| (k) | Burgerregte Organisasies of Politieke Partye soos byvoorbeeld die EFF kan strategies deur Agri NW ingespan word om korrupsiesake verder te neem. | Dagbestuur | Deurlopend |
| (l) | Die verdere dokumente in verband met die Beursskema deur mnr Cobus van Zyl opgestel en voorgelê word, 'n Konsep Beursreglement, Keuringvereistes, Puntestelsel en Beurskontrak. | Uitvoerende Komitee | So spoedig moontlik |
| (m) | ‘n Bedrag van R10 000 jaarliks aan die gekeurde Beursstudent oorbetaal word. | Agri NW-Hoofkantoor | |
| **10.**<br>**10.1**<br>**10.1.1** | **HOOFKANTOORBESTUUR**<br>**BESTUUR EN ADMINISTRASIE**<br>**AGRI NW-DATUMLYS 2017** | | |
| | ▪ Affiliasies neem kennis van die 2017-Datumlys en word weer eens versoek om nie Affiliasie-aktiwiteite op dieselfde datums as Agri NW-aktiwiteite te beplan nie.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Affiliasies met die behoefte vir vergaderings met die ondersteuning van die leierskap kan dit deurgee na Agri NW-Hoofkantoor; en | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | die opgedateerde Datumlys is op die Webblad beskikbaar. | Webblad | |
| **10.1.2** | **INDIENDING VAN REORGANISASIEVORMS** | | |
| | **<u>BESLUIT:</u>** | | |
| (a) | Affiliasies word versoek om hul Affiliasiebesture se kontakbesonderhede deur middel van die Reorganisasievorm aan die Hoofkantoor deur te gee, so spoedig moontlik nadat reorganisasie plaasgevind het. | Affiliasies | |
| (b) | Keerdatum vir indiening van Reorganisasievorms: 23 Julie van elke jaar. | Keerdatum | Jaarliks 23 Julie |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| **10.1.3** | **AGRI NW-GHOLFDAG** | | |
| | Affiliasies neem kennis van die volgende Gholfdag-inligting:<br>▪ Datum: 16 September 2017<br>▪ Plek: Leopard Park, Mahikeng<br>▪ Prysuitdeling en sosiale geleentheid na afloop van die Gholfdag.<br>▪ Eric van Wyk het aangebied om weer die vleis te braai / kos te maak, wat gereël en voorsien moet word deur Agri NW.<br>▪ Die Komitee bestaan uit: Mnre Willem de Chavonnes Vrugt en Gideon van Zyl.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Affiliasies word versoek om verbeteringsvoorstelle aan Agri NW-Hoofkantoor deur te gee en die Gholfdag te bemark by hul Affiliasies en produsentelede; | Affiliasies | Deurlopend |
| (b) | Affiliasies word versoek om putjies te borg en te beman. Affiliasies kan verskaffers kry om die putjie te borg. | Affiliasies<br>Borge | Deurlopend |
| (c) | Affiliasies versoek word om deel te neem aan die Agri NW-Gholfdag en dat Affiliasies hul produsente-spanne so spoedig moontlik inskryf. Dit is sleg as die Landbouverskaffers die putjies borg en meeste van die spelers nie produsente is nie. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| (d) | Affiliasies en produsente word versoek om behulpsaam te wees met die verkryging van skenkings van pryse in die vorm van slagskape, jagnaweke, jagpryse soos wildsbokke, ensovoorts. | Affiliasies / Produsente | Deurlopend |
| **10.1.4** | **VERKIESING VAN ARBEID- EN MAATSKAPLIKE KOMITEE TUSSENTYDSE VOORSITTER** | | |
| | Mnr Eric van Wyk het die persoon van Agri Mareetsane genader as Voorsitter vir die Arbeid en Maatskaplike Komitee, maar hy sien nie sy weg oop nie.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Affiliasies word versoek om 'n kundige persone te nomineer vir die Voorsitterskap van die Arbeid en Maatskaplike Komitee. | Affiliasies | So spoedig moontlik |
| **10.2** | **JAARKONGRES** | | |
| | Affiliasies neem kennis van die Jaarkongresinligting:<br>▪ Datum: 5 & 6 September 2017<br>▪ Plek: NWK-Opleidingsentrum, Lichtenburg<br>▪ Dinee: 5 September 2017, Lafarge-Ontspanningsklub<br>▪ Voorlopige Tema: Volhoubaarheid deur Eiendomsreg, Sekerheid en Verhoogde Produktiwiteit.<br>▪ Hoofsprekers: Annelize Crosby<br>Regter Gildenhuys van die Grondeisehof | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | **<u>BESLUITE</u>** | | |
| (a) | Affiliasies word versoek om Besprekingspunte vir die Kongres voor óf op Vrydag, 10 Maart 2017, by Agri NW-Hoofkantoor in te dien. | Affiliasies | 2017-03-10 |
| (b) | Affiliasies word versoek om hul nominasies vir Oorkondes, indien die lid/lede aan die vereistes voldoen vir 'n Oorkonde deur Agri NW, aan Hoofkantoor deur te stuur. | Affiliasies | 2017-06-30 |
| **10.3** | **AFFILIASIEVERGADERINGS** | | |
| | ▪ Die Affiliasies is aan die onderskeie Uitvoerende Komiteelede toegedeel, sodat besoeke gebring kan word aan dié Affiliasies.<br>▪ Besoeke moet self deur die Uitvoerende Komiteelid gereël word met die betrokke Munisipale Landbouvereniging, sodat hul lede betyds kennis gegee kan word van die Uitvoerende Komiteelid se besoek. | | |
| | **<u>BESLUITE</u>:** | | |
| (a) | Uitvoerende Komiteelede moet self 'n besoek met die toegedeelde Affiliasies reël en alles wat daarmee gepaard gaan. | Uitv Komiteelde | |
| (b) | Die Indelingslys van Affiliasies vir besoeke deur die Uitvoerende Komiteelede moet aan Affiliasies beskikbaar gestel word. | Affiliasies<br>W Potgieter | Afgehandel |
| **11.** | **AGRI NW-JONGBOERVERENIGING**<br>Mnr Gideon van Zyl lig die vergadering in oor:<br><u>Jongboer van die Jaar</u>:<br>Daar is vyf Inskrywings vir Jongboer van die Jaar ontvang, waarvan net drie Finaliste gekies is.<br>Die Finaliste vir die Jongboer van die Jaar is:<br>➢ Herman du Preez Agri Klippan<br>➢ Louis Wessels Agri Mareetsane<br>➢ Ro'an van Tonder Agri Potchefstroom<br>Die Jongboerbeoordeling word op 16 en 17 Maart 2017 gedoen.<br><u>Jongboerkonferensie:</u><br>Datum: 21 April 2017<br>Plek: NWK-Opleidingslokaal<br>Tyd: 08:00 tot 14:00<br>Tema: Strategie van Jongboer na Megaboer!<br>Dinee: 20 April 2017, Lafarge Ontspanningsaal om 18:30 vir 19:00<br><u>Jongboertoer</u>:<br>▪ 'n Jongboertoer word beplan om die drie Finaliste te besoek. Die datum sal nog vasgestel word. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Beplanning vir 2017: Twee Opleidingsessies word beplan vir Saai- en Beesboere onderskeidelik. Die datums sal nog vasgestel word.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Die Jongboertoer se datum sal aan die Affiliasies deurgestuur word. | | |
| (b) | Die Opleidingsdae se datums sal aan die Affiliasies deurgestuur word. | | |
| (c) | Die Senwes Toekomsfokusdag se datum sal aan die Affiliasies deurgegee word sodra dit ontvang is. | | |
| **12.**<br>**12.1** | **AGRI NW-SPESIALITEITSKOMITEES**<br>**ARBEID- EN MAATSKAPLIKE KOMITEE** | | |
| | Sektorale Vasstelling:<br>▪ Die Sektorale Vasstelling is ingebind in die Algemene Raad se bundel van 2017-03-07, bls 27.<br>Nasionale Minimumloon:<br>▪ R3500 vir 40 werksure<br>▪ R3900 vir 45 werksure<br>▪ R20/uur<br>Ooreenkomste vir verblyf op plase:<br>Die ondergenoemde Ooreenkomste is ingebind in die Algemene Raad se bundel van 2017-03-07, bls 28 tot 120 en is ook beskikbaar op Agri NW se Web-blad.<br>▪ Ooreenkoms: Geen Diensverhouding en Geen Vee.<br>▪ Ooreenkoms: Geen Diensverhouding met Vee.<br>▪ Ooreenkoms: Sonder Vee.<br>▪ Ooreenkoms: Met Beeste.<br>▪ Memorandum oor die voorgestelde strategie vir die praktiese implementering van Ooreenkomste vir verblyf op plase.<br>Gesprek met nuwe Hoofinspekteur NW:<br>▪ Verskeie pogings is aangewend om 'n gesprek met die Hoofinspekteur NW gereël word, maar hy kon nog nie telefonies bereik word nie.<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Mnr Cobus van Zyl sal vir die interim tyd Agri SA se Arbeid- en Maatskaplike Komiteevergadering bywoon, totdat 'n Voorsitter verkies is. | | |
| (b) | Affiliasies word versoek om 'n kundige persone te nomineer vir die Voorsitterskap van die Arbeid en Maatskaplike Komitee. | Affiliasies | |
| (c) | Affiliasies versoek word om hul lede in te lig oor die Sektorale Vasstelling vir 2017. | Affiliasies / Lede | |
| (d) | Affiliasies versoek word om hul lede in te lig oor hierdie belangrike Ooreenkomste wat deur Agri SA opgestel is vir lede se gebruik en op Agri NW se die Webblad beskikbaar is | Affiliasies / Lede | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (e)<br><br>(f)<br>(g) | Lede versoek word om hul ou kontrakte te herbesoek en vergelyk met Agri SA s'n om seker te maak dat hul bestaande Ooreenkomste in orde is.<br>'n Gesprek met die Hoofinspekteur van die Noordwes Provinsie gereël word.<br>Die Adreslys van die onderskeie Streke se Arbeidsinspekteurs aan Affiliasies beskikbaar gestel word. | Lede<br><br>P du Toit<br>Hoofkantoor | Deurlopend<br><br>Uitstaande<br>Uitstaande |
| **12.2** | **LANDELIKE VEILIGHEIDSKOMITEE** | | |
| | ▪ Affiliasies neem kennis van die Landelike Veiligheidsdokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad.<br>▪ Mnr Du Toit versoek dat lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad indien 'n grondbesetting dreig<br>▪ Mnr Pretorius spreek sy kommer uit oor lede se apatiese houding teenoor hul eie veiligheid en sê dat dit vir hom kommerwekkend is. Daar heers 'n "dit kan nie met my gebeur-houding".<br><u>Afriforum-gesprek / Deelname aan Provinsiale Prioriteitskomiteevergadering vir Landelike Beveiliging:</u><br>▪ Mnr Du Toit sê dat Agri NW gemeenskaplike "grond" moet vind met sy verskillende Vennote en dat hulle mekaar moet ondersteun en saamwerk om sodoende 'n verskil te kan maak. Agri NW, TLU SA, Agri SA, Afriforum, asook ander vennote soos byvorrbeeld die onregmatige besetting van grond.<br>▪ Agri NW moet sy strategiese vennootskap met Afriforum verstewig.<br>▪ Agri NW sal indringend moet kyk na 'n strategie waar daar baie sterker opgetree en uitsprake gemaak word teenoor sekere sake – ons lede verwag dit van ons. Hy sê verder dat Agri NW se strategie multi-dimensioneel moet wees – potensiële vennote moet geïdentifiseer word.<br>▪ Agri NW moet waak teen kaping van sy inisiatiewe – dit moet duidelik wees dat dit Agri NW se inisiatief was.<br><u>Onwettige Grondbesettings:</u><br>Lede moet hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Veiligheid en/of Landbou-Ontwikkeling, indien 'n grondbesetting dreig.<br><u>Die volgende dokumentasie is reeds in plek om sodanige aksies te hanteer en is beskikbaar op die Webblad:.</u><br>▪ Agri SA se Inligtingsdokument oor die hantering van grondbesettings en betredings.<br>▪ Die Riglyne van die Landelike Beveiligingstrategie, rakende betreding en grondbesettings- en betredings.<br>▪ Die toepassing van Agri SA se Protokol vir Plaastoegang.<br>▪ Die ontwikkeling van gebeurlikheidsbeplanning op plaaslike vlak met die hulp van Provinsiale Organisasies;<br>▪ Gesprekke met die Polisie om hulle te sesiteer rakende moontlike grondebesettings, asook prosedure-reëlings om dit te hanteer.<br>▪ Die verantwoordelikheid van die Munisipale- en Plaaslike Landbouverenigings om met hul plaaslike Polisiestasie oor die aangeleentheid te konsulteer en beplanning te doen oor die hantering daarvan.<br><u>Provinsiale Organisasie is versoek om die volgende beplanning te doen:</u><br>o Die identifisering van kwesbare areas vir grondbesettings. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ○ Die identifisering van onbewoonde plase.<br>○ Te bepaal watter Polisiestasies nie oor toereikende hulpbronne beskik om grootskaalse grondbesettings te hanteer nie en watter alternatiewe in plek gestel kan word.<br>○ Gebeurlikheidsbeplanning te doen tot op Landbouverenigingvlak.<br>○ Deurlopende skakeling te hou met Polisiestrukture op Provinsiale vlak.<br>▪ Mnr HJ Moolman het voorstelle vir Pro-aktiewe-Optrede en Reaktiewe optrede tydens Plaasbesettings opgestel vir gebruik deur Agri NW-lede..<br>▪ Mnr Nicol Muller meld hul frustrasie met die draad wat gereeld by Tlakgaming gesteel word. Mnr Du Toit meld dat hierdie saak reeds met die Prioriteitskomitee vir Landelike Veiligheid opgeneem is.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Lede hulself bemagtig met die dokumentasie wat beskikbaar is op Agri NW se Webblad onder Spesialiteitskomitee: Veiligheid en/of Landbou-Ontwikkeling, indien 'n grondbesetting dreig. | Affiliasies / Webblad | |
| (b) | Agri NW moet sy strategiese vennootskap met Afriforum verstewig. | | |
| (c) | 'n Gesprek is met Afriforum gevoer oor hoe die twee Organisasies kan saamwerk om korrupsie aan te spreek en oop te vlek. | Afgehandel | Deurlopend |
| (d) | Burgerregte Organisasies of Politieke Partye soos byvoorbeeld die EFF kan strategies deur Agri NW ingespan word om korrupsiesake verder te neem. | | Deurlopend |
| (e) | Gesprekke met die Polisie om hulle te sesiteer rakende moontlike grondebesettings, asook prosedure-reëlings om dit te hanteer. | | |
| (f) | Die verantwoordelikheid van die Munisipale- en Plaaslike Landbouverenigings om met hul plaaslike Polisiestasie oor die aangeleentheid te konsulteer en beplanning te doen oor die hantering daarvan. | Affiliasies / SAPD | |
| (g) | Bywoon van *Cluster*-vergaderings is uiters belangrik. | Affiliasies | |
| (h) | Affiliasies moet paraat wees om sodoende die onheil weens onbetrokkenheid te vermy. | | |
| (i) | Affiliasies versoek word om die Gebeurlikheidsplanne en Wenke deur te gee aan hul lede. | Affiliasies | |
| (j) | Deurlopende skakeling te hou met die Polisiestrukture op Provinsiale Vlak. | | |
| (k) | Mnr HJ Moolman, Prokureur in Noordwes Provinsie, het voorstelle vir Pro-aktiewe- en Reaktiewe Optrede tydens Plaasbesettings opgestel vir gebruik deur Agri NW-lede en wat ook op Agri NW se Webblad beskikbaar is. | Webblad | |
| **12.3** | **LANDBOU-ONTWIKKELINGSKOMITEE** | | |
| | <u>Grondoudit: Quartex Technologies:</u><br>Mnr Willem de Chavonnes Vrugt het van die syfers verwerk en die volgende is bevind ten opsigte van die Grondoudit: | | |
| | ▪ Wit eienaars 59.33% 6 188 924 ha | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Staat & Swart eienaars 37.85% 3 948 319 ha<br>▪ Onbekend 2.81% 293 292 ha<br>▪ **TOTAAL 100.00% 10 430 535 ha**<br>**BESLUITE:** | | |
| (a) | Daar voortgegaan word met die maandelikse Ooreenkoms ten bedra van R1 000 met Quartex Technologies vir ses maande en dan weer heroorweeg sal word. | P du Toit | |
| (b) | Affiliasies versoek word om die databasis gereeld op te dateer indien daar van die lede is wat hul plase verkoop het. Die Affiliasies moet ook hierdie inligting aan mnr Willem de Chavonnes Vrugte deurgee vir opdatering van sy syfers. | Affiliasies | |
| (c) | Mnr Willem de Chavonnes Vrugt kan ook gekontak word vir enige navrae oor die Grondoudit en van hulp wees met die program. Sy kontakbesonderhede is as volg:<br>Selfoon: 082 946 2303 E-posadres: willemdc@yahoo.com | W de Chavonnes Vrugt | |
| (d) | Die Grondoudit se data van die lede moet as vertroulik hanteer word. | | |
| (e) | Mnr Willem de Chavonnes Vrugt onderneem om die geldelike bedrag wat deur die Departement van Grondsake in die Noordwes Provinsie as kompensasie uitbetaal is na te vors. | W de Chavonnes Vrugt | So spoedig moontlik |
| | <u>DLRC</u><br>▪ Agri NW het ’n Beleidsdokument opgestel. Die Beleid het ten doel om Agri NW se lede en deelnemers aan die DLRC te reël en om genomineerde lede te vrywaar van potensiële persoonlike aanspreeklikheid.<br>▪ Doel: Dit is Landbou se breë belang dat nuwe kommersiële produsente volhoubaar gevestig word en dit is belangrik dat aansoekers met die korrekte kennis en ervaring in die DLRC-proses geïdentifiseer en aangewys word. Die doel is uitsluitlik om inligting in te samel en om amptenare van die Regering beter te leer ken. Die DLRC kan ook as Forum gebruik word om die nodige beïnvloeding te doen.<br>▪ ’n Brief is aan die DLRC gerig waarin hulle in kennis gestel word dat indien Agri NW nie saamstem of tevrede is met ’n besluit of besluite wat geneem is tydens ’n vergadering nie, Agri NW skriftelik beswaar sal aanteken teen so ’n besluite of besluite.<br>▪ Mnr Du Toit meld dat korrupsie hoogty fier binne hierdie Komitee. Die korrupsie is ongelooflik – projekte word afgekeur deur die Komitee en as jy weer sien is die projekte goedgekeur.<br>▪ Agri NW moet hulself die volgende afvra:<br>○ Maak Agri NW se teenwoordigheid ’n verskil?<br>○ Is dit koste-effektief – ontvang geen vergoeding vir reiskoste?<br>○ Moet ons wegstap van die DLRC en eerder deelneem aan Komitees waar ons werklik ’n verskil gaan maak?<br>▪ Die DA (me Annette Steyn) en Annelize Crosby is ook betrek en ingelig rondom die korrupsie binne die *District Land Reform Committees*, sodat hul dit kan ontbloot en aan die Media bekend maak. | | |
| | ▪ Indien lede van Agri NW by hierdie projekte betrokke wil raak moet hul deur Agri NW-Hoofkantoor werk. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ ʼn Vergadering is met Agri SA gehou en die bostaande aspekte is bespreek: | | |
| | **<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Agri NW gaan voort met hul Betrokkenheid by die DLRC deur slegs by die Hoofkomitee betrokke te bly en hulle volle steun gee. | Hoofkantoor | |
| (b) | Agri NW skriftelik beswaar sal aanteken teen ʼn besluite of besluite wat geneem is tydens ʼn vergadering as hul nie saamstem of tevrede daarmee is nie. | Hoofkantoor | |
| (c) | Daar moet aangedring word op *Terms of Reference* wat uiteensit hoe die projekte hanteer en bestuur moet word om dit suksesvol te maak. | DLRC / Agri NW | |
| (d) | Die DA dra kennis van die korrupsie en sal dit deur die Media bekend maak soos hul goeddink. | | |
| **12.4**<br>**12.4.1** | **KOMMERSIËLE KOMITEE**<br>**VERVOERKOMITEE** | | |
| | ▪ Mnr Du Toit meld dit ʼn probleem is om ʼn afspraak met die Departementshoof van die Departement van Openbare Werke en Behuising te maak, sodat probleme bespreek kan word.<br>▪ Die dokument oor die Regsvereistes vir die herstel van paaie is op aanvraag van sekere Affiliasies vir hul gestuur. Dit is ook op die Webblad beskikbaar.<br>▪ Totale chaos heers by die Vervoerdepartement – vanaf September 2016 is daar is nie voorsiening gemaak om brandstof te voorsien nie en ook nie tenders uit te stuur vir die huur van masjinerie en toerusting nie. Fondse is intussen by die Nasionale Tesourie aangevra.<br><u>Agri Oos-Kaap Hofsaak:</u><br>Agri Oos-Kaap het met trots aangekondig dat hulle na ‘n 2 jaar lange proses eindelik finaliteit bereik is rond-om die kwessie met betrekking tot die herstel en instandhouding van die grondpaaie van die Oos-Kaap. Die Hooggeregshof in Grahamstad het 'n bevel aan die Departement Provinsiale Paaie wat gegee is om:<br>(a) binne 90 dae van die Hofbevel, kontrakteurs te identifiseer vir die herstel van die paaie soos in Bylae A van die Hofbevel uiteengesit.<br>(b) binne 6 maande die Geïntegreerde roetine-onderhoud Kontrakte vir die herstel van alle ander paaie gefinaliseer te hê.<br>(c) waar die Departement nie die verskaffing van behoorlike interne herstel en instandhouding-dienste kan bied nie, die Departement diensvlakooreenkomste met munisipaliteite of kontrak-teurs, binne 6 maande van die datum van die Hofbevel, sal finaliseer.<br>(d) binne 90 dae van die Hofbevel, volledige besonderhede te voorsien van die paaie wat herseël en gerehabiliteer moet word, en binne 6 maande na die datum van die bevel met die herstelwerk te begin. | | |
| | (e) binne 90 dae vanaf die Hofbevel die "vinnige reaksie in die huis operasie te implementeer om situasies aan te spreek waar vloede of natuurrampe wat onmiddellike ingryping vereis. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | (f) 'n Gedetailleerde proses is uiteengesit wat boere, wat lede van Agri Oos-Kaap is, in staat sal stel om die Departement in kennis te stel, om kwotasies vir herstelwerk te bekom, magtiging om die werk te doen, betaal van kontrakteurs, en terugbetalings van die Departement te kan eis. Elke fase van hierdie proses is omskryf om voorsiening te maak vir ingrypings deur die Departement, en uiteindelik moet die werk voldoen aan die Departement se goedkeuring. 'n Prosedure is in plek gestel om voorsiening te maak dat ŉ geskil verwys sal word na die voorsitter van die Siviele Ingenieurs Vereniging, vir die distrik betrokke, vir 'n finale besluit. So 'n besluit kan hersien word deur 'n Senior Advokaat met nie minder as 5 jaar ondervinding; sy beslissing sal as finaal beskou word.<br>(g) Daar is 'n soortgelyke prosedure uiteengesit waar herstelwerk deur individuele boere gedoen mag word, ten koste van die Departement, waar die herstel in geval van nood uitgevoer is.<br>(h) Die Hof het gelas dat die Departement die regskoste van hierdie aansoek sal vereffen.<br>(i) Voor of op 30 Mei 2017 'n vorderingsverslag by die Hof in te dien rakende hul nakoming van hierdie hofbevel.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Die vergadering gee toestemming om voort te gaan met mnr HJ Moolman, Prokureur, met ŉ moontlike saak vir Agri NW. | Hoofkantoor / HJ Moolman | |
| (b) | Affiliasies versoek word om die Vraelyste in verband met trekkerongelukke te voltooi en terug te stuur na die Hoofkantoor. | Affiliasies | |
| (c) | Die Regshulpfondsbydraes ten bedrae van R228.00 (BTW ingesluit) gevorder word ook vir die saak in verband met die paaie gebruik sal word indien daar fondse beskikbaar is. | | |
| **12.4.2** | **ELEKTRISITEIT**<br>▪ Mnr Du Toit meld dat verskeie pogings aangewend is om ŉ vergadering te hou met Me Annatjie Swanepoel. Alternatiewe datums is vir April 2017 aan haar deurgee sodat ŉ vergadering met haar gehou kan word.<br>▪ Mnr Daan van der Merwe noem dat daar in die MaricoForums gestig is en verbeterings is al sigbaar en daar word goeie samewerking van me Swanepoel verkry.<br><u>NERSA-Hofsaak en Befondsing:</u><br>Daar is drie sake op die rol, naamlik:<br>▪ Die Hofsaak tussen mnr JM Venter(Johan) en NERSA;<br>▪ Die dispute verklaar tussen bepaalde Landbouers en NERSA; en<br>▪ Munisipale Eiendomsbelastings wat onregmatig teen Landbou-eiendomme gehef word.<br>Die Hof is versoek om Respondente te gelas om die volgende inligting te verskaf: | | |
| | ▪ Approval by NERSA of the following charges for implementation by Eskom in respect of different classes of Agricultural users (Section 4(ii) read with 14(d) of the Electricity Regulation Act). | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | 1. service charges, administration charges, netwoird charges, energy charges, retail environmental levies; reliability service charge and any other charge Eskom may charge Agricultural end-users.<br>2. The approval by NERSA of the format and content of agreements pertaining to landrates Eskom may enter into with classes of Agricultural end-users.(Secvtion 14(f) of the Electricity Act).<br>(PLEASE NOTE: the records requested in Par 1 and 2 above are in respect of financial years 2007/08 to date).<br>▪ Die Hofsaak handel oor die maandelikse heffings wat Landbouers opgelê word. Dit is noodsaaklik om vas te stel of NERSA inderdaad die Heffings goedgekeur het aldan nie. Eskom is nie by magte om die heffings op te lê, tensy dit goedgekeur is deur NERSA nie. NERSA is die enigste Staatorganisasie wat gemagtig is kragtens die Elektrisiteitsreguleringswet, om elektriese tariewe goed te keur.<br>▪ Fondse word verlang om met die saak voort te gaan.<br><u>Opsommend:</u><br>(1) Die Hofsaak gaan voort as 'n onbestrede mosie;<br>(2) Indien opponering aangeteken word en die Respondente liasseer nie opponerende en ondersteunende verklarings in nie, sal die saak hanteer word asof dit ongeopponeerd is en sal 'n Advokaat aangestel word om die saak in die Hof op die basis te hanteer. Kostes behoort nie meer as R30 000 te beloop nie.<br>(3) Indien die Respondente opponering aanteken en inderdaad opponerende en ondersteunende verklarings liasseer, sal eksterne befondsing benodig word. In hierdie geval kan die kostes tot R120 000 beloop.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | 'n Afspraak met me Annatjie Swanepoel gereël word in April 2017. | P du Toit | April 2017 |
| (b) | Affiliasies moet hul lede versoek om die Klantediensforums te behoort en by te woon. | Affiliasies | Deurlopend |
| (c) | Klagtes kan deur middel van die Klantenavraagvorm aan die Hoofkantoor deurgegee word vir verdere optrede / rapportering aan me Swanepoel. | Affiliasies | Deurlopend |
| (d) | Die benodigde fondse kan nie uit die bestaande Regshulpfonds befonds word nie, aangesien die Regshulpfonds slégs vir Hofsake wat deur Agri SA gedryf word, aangewend mag word met toestemming van die Algemene Raad. | | |
| (e) | Aangesien dit 'n belangrike saak is vir elke boer wat elektrisiteit gebruik, en as beste opsie is om 'n bevel teen NERSA te verkry om aandag aan die dispute te gee, steun die vergadering die inisiatief. | | |
| (f) | Die detail-inligting wat deurgegee is in verband met die Hofsaak moet as VERTROULIK hanteer word, want indien inligting uitlek kan dit die saak benadeel. Affiliasies kan slegs die beginsel van die saak aan hul Affiliasies deurgee. | | |
| (g) | Die Algemene Raad keur goed dat alle lede in die onderskeie Lidmaatskapkategorieë van Affiliasies, R228 (BTW ingesluit) per lid oorbetaal aan die nuutgestigte Regsfonds wat vir alle Hofsake wat deur Agri NW aangepak word, te betaal. | Lede | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| (h) | Affiliasies word versoek om die fondse vir die nuutgestigte Regfsfonds so spoedig moontlik te vorder en oor te betaal aan Agri NW, voor óf op 15 April 2017, aangesien die fondse benodig word in die tweede week van Mei 2017. | Affiliasies | 2017-04-15 |
| (i) | Indien die saak gewen word sal dit nie net tot finansiële voordeel van Agri NW-lede wees nie, maar vir alle Landbouers in Suid-Afrika. | | |
| **12.5**<br>**12.5.1** | **NATUURLIKE HULPBRONNEKOMITEE**<br>**WATERSAKE** | | |
| | Die Doelwitte is agterin die vergaderingdokument ingebind vir kennisname. | | |
| **12.5.2** | **NATUURLIKE HULPBRONNE** | | |
| | Staan oor tot volgende vergadering. | | |
| **12.6** | **KOMMUNKASIE EN BEELDBOUKOMITEE** | | |
| | Mnr De Chavonnes Vrugt rapporteer as volg :<br>Die nuwe Webblad is deur Infoworks aangepas en verbeter en tydens ŉ vergadering in Februarie-maand aan Agri NW se Uitvoerende Bestuur voorgehou.<br>▪ Aanlyn en *Facebook*:<br>· Oordrag van inligting aan belangegroepe;<br>· Skep bewustheid van Agri NW-handelsmerk en verhoog blootstelling aan huidige en potensiële lede;<br>· Opvoeding van teikengehore oor impak van Agri NW;<br>· Benut *Facebook* om ŉ Agri NW aanlyn-gemeenskap op te bou vir groter lojaliteit en verhoogde kommunikasie onder lede;<br>· Demonstreer Agri NW se deelname aan gemeenskapsbou en sleutelbetrokkenheid in die Landbougemeenskap;<br>· Vestig 'n groeiende gemeenskap van besoekers aan die webtuiste wat verteenwoordigend is van Agri NW se ledetal en invloedsfeer; en<br>· Optimalisering t.o.v. soekenjins met die doel om Agri NW se aanlyn-netwerk so wyd moontlik uit te brei.<br>▪ Webtuiste<br>· Wend die webtuiste aan om doeltreffend elektronies met sy lede, belanghebbendes en die algemene publiek te kommunikeer;<br>· Dit word gedoen deur die inhoud van die webwerf **deurlopend by te werk** sodat die webtuiste ŉ **op-datum weerspieëling** is van Agri NW se werksaamhede op verskeie vlakke;<br>· Oop gedeelte asook My Agri NW (lede log-in); | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Koördineer bywerking en goedkeuring van inhoud: Me Wanda Potgieter: Stuur dit vir Wanda!;<br>▪ Opdatering teks, foto's of videogrepe: tweeweekliks;<br>▪ Stuurkomitee vergader ses keer per jaar;<br>▪ Analise van unieke besoekers, tyd spandeer en gewildste afdelings tweemaandeliks geëvalueer; en<br>▪ Nuuswenke-dokument: Komitees; Affiliasies.<br>▪ *Facebook*<br>▪ Agri NW inkorporeer **sosiale media** in sy pakket van kommunikasiemediums, maar verkies om dit tans tot ***Facebook*** te beperk;<br>▪ Hoewel onderwerpe van **algemene belang** vir Agri NW se teikengehore oorweeg sal word vir plasing, is die uitgangspunt om plasings **aktueel, relevant** en verkieslik **eie aan Agri NW** en sy aktiwiteite/aksies te hou en **tydig** op navrae of kommentaar **te reageer**;<br>▪ *Facebook* is ook lewendig op die webtuiste se tuisblad;<br>▪ Opdatering teks, foto's of videogrepe;<br>▪ Omdraaityd van agt ure of een werksdag nadat 'n instruksie van Agri NW ontvang is;<br>▪ Administrateurs: Wanda Potgieter, Boeta du Toit, Naudé Pienaar en Infoworks;<br>▪ Nuuswenke-dokument: Komitees; Affiliasies; en<br>▪ Koördineer bywerking en goedkeuring van inhoud: Me Wanda Potgieter: Stuur dit vir Wanda!<br>▪ Die Webblad is nou aktief. | | |
| | **BESLUITE:** | | |
| (a) | Die Webblad is nou ten volle aktief en Affiliasies word versoek om noemenswaardige inligting aan Agri NW-Hoofkantoor deur te gee vir plasing op die Web; | Affiliasies | Deurlopend |
| (c) | Produsente word versoek om die Webblad te besoek en om medeprodusente daarvan bewus te maak; | Produsente | Deurlopend |
| (d) | Agri NW-Hoofkantoor om 'n bewusmakingsproses vir die Webblad van stapel te stuur.; en | Hoofkantoor | Deurlopend |
| (e) | Elke Spesialiteitskomiteevoorsitter sal self besluit oor die stigting van *Whatsapp*-groepe vir deurgee van belangrike inligting per *Whatsapp*. | Spesialiteitvoorsitter | Deurlopend |
| **13.**<br>**13.1** | **BEDRYFSORGANSASIES**<br>**NOORDWES ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE** | | |
| | Mnr Sakkie van Zyl, Voorsitter: NWRPO, se verslag is agterin die vergaderingdokumentasie ingebind vir kennisname. | | |
| **14.** | **AGRI SA: VERSLAGDOENING EN TERUGRAPPORTERING** | | |
| | ▪ Mnr Van der Merwe versoek die vergadering om hul gedagtes te laat gaan oor Agri SA-Mediaverklarings, ensovoorts. | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM |
|---|---|---|---|
| | ▪ Agri NW sal indringend moet kyk na ŉ strategie waar daar baie sterker opgetree en uitsprake gemaak word teenoor sekere sake – ons lede verwag dit van ons Agri NW se strategie moet multidimensioneel wees,.<br>▪ Dit is kommerwekkend dat Agri SA openlik deur sy provinsiale strukture gekritiseer word.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | |
| (a) | Agri NW het ŉ mandaat van sy lede om in hul belang op te tree en sal indringend moet kyk na ŉ strategie waar daar baie sterker opgetree en uitsprake gemaak word teenoor sekere belangrike sake. | Agri NW-Leierskap | Deurlopend |
| (b) | Agri NW moet waak teen kaping van sy eie inisiatiewe – dit moet duidelik wees dat dit Agri NW se inisiatief was. | Agri NW-Leierskap | Deurlopend |
| (d) | Uitvoerende Komiteelede moet oor sake van belang praat tydens Agri SA-vergaderings in Maart 2017 en hul lede se belange oordra. | Uitv Komitee | Mrt 2017-vergaderings |
| (e) | Agri SA versoek word om Mediaverklarings oor anderstalige Radio- en TV-Stasies ook te laat uitsaai, sodat dit die ontwikkelende boere ook kan bereik. | Agri SA | Deurlopend |
| (f) | Provinsiale Landbou-Unies moet nie teen mekaar opgesweep word nie. Sake moet intern en op die vlak van reaksie of Provinsie wat dit raak hanteer word. Ken mekaar in sake. | Agri NW-Leierskap | Deurlopend |
| **15.** | **AANVULLENDE SAKE** | | |
| | Geen. | | |
| **16.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING** | | |
| | Die volgende vergadering is geskeduleer vir 2017-06-20 om 09:00 by die NWK-Opleidingslokaal, H/v Nelson Mandela Rylaan en Daniëlstraat, Lichtenburg. | | |
| **19.** | **BEDANKINGS** | | |
| | Die Voorsitter bedank afgevaardigdes vir hul deelname en waardevolle insette tydens die vergadering. ŉ Veilige terugreis word almal toegewens. | | |
| **20.** | **AFSLUITING EN VERDAGING** | | |
| | Mnr Danie de Villiers sluit die vergadering af met Skriflesing uit Ps 46:2 en 3 en 'n gebed, waarna dit om 15:10 verdaag. | | |

……………………………………………………… ……………………………………… ………………………………………………………

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**